higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGPERSONEELONTWIKKELING N4

(4110384)

26 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

062Q1J2126

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGPERSONEELONTWIKKELING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Geloof hou nie met 'n persoon se kulturele agtergrond verband nie.

1.1.2 Oorredende onderhoude kan 'n persoon se selfbeeld benadeel.

1.1.3 Mense met 'n positiewe selfbeeld leef 'n gebalanseerde lewe.

1.1.4 Intrapersoonlike konflik is konflik met jouself.

1.1.5 Dit is nie verpligtend dat 'n kind elke dag 'n speelskool bywoon nie.

1.1.6 Daar hoef nie 'n spieël in toilette vir kleuters te wees nie.

1.1.7 Lede by algemene vergaderings is verplig tot geheimhouding.

1.1.8 Taalhindernisse kan verhoudings bevorder.

1.1.9 'n Vorderingsverslag vir kleuters kan een keer per semester opgestel word.

1.1.10 'n Persoon kan sowel introverte as ekstroverte eienskappe hê.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Kind wat in ’n voorstad grootword	A	selfgesentreerd
1.2.2	Stil en geniet dit om alleen te wees	B	kultuur
1.2.3	Vergadering belê wanneer ’n krisis of iets onverwags plaasvind	C	oorredende onderhoud
1.2.4	Neem nie ander mense in ag nie	D	eetarea
1.2.5	Eetversteuring genaamd ‘morbiede honger’	E	bulimie
1.2.6	Optimistiese, hoopvolle en impulsiewe persoonlikheid	F	milieu
1.2.7	Plekkaartjies, naamkaartjies, tafelrangskikkings, ens.	G	stiptelikheid
1.2.8	Southappies wat maklik hanteer kan word	H	spesiale vergadering
1.2.9	Om betyds vir ’n onderhoud te wees	I	toiletroetine
1.2.10	Sedes, waardes en houdings van ’n groep mense	J	oggendkring
1.2.11	Kind was hande met minimale hulp	K	introvert
1.2.12	Dae van die week, weer, verjaardae en liedjies	L	choleries
1.2.13	Help om spanning, moegheid en depressie te verlig	M	oefening
1.2.14	Binne gaste se bereik	N	bybehore
1.2.15	Oortuig die aansoeker om sy/haar siening te verander	O	vingermiddagete

(15 × 2) (30)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die volgende terme kortliks:

2.1.1 Balans (2)

2.1.2 Roetine (2)

2.1.3 Buigsaamheid (3)

2.1.4 Gesamentlike beplanning (3)

2.1.5 Individuele beplanning (3)

2.2 Watter VYF dinge moet in gedagte gehou word wanneer 'n parkeerarea beplan word? (5)

2.3 Verduidelik kortliks die TWEE soorte tuisgebaseerde dagsorgsentrums. (5 + 5) (10)

2.4 Verduidelik kortliks hoe 'n dagsorgonderwyser 'n vingermiddagete moet voorberei. (6)

2.5 Verduidelik die basiese vereistes vir die volgende fasiliteite:

2.5.1 Slaapfasiliteite vir kleuters (7)

2.5.2 Melkkombuis (3)

2.6 Noem DRIE maniere waarop 'n bestuurskomitee gestig kan word. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 3

3.1 Noem VIER eienskappe van mense met 'n swak selfbeeld. (4)

3.2 Noem SEWE aspekte wat deel uitmaak van die inhoud van die grondwet van 'n dagsorgsentrum. (7)

3.3 Verduidelik die term *vorderingsverslag* kortliks. (3 × 2) (6)

3.4 Lys SES faktore wat 'n dagsorgonderwyser in ag moet neem wanneer 'n les beplan word. (6)

3.5 Verduidelik die term *selfverwesenliking*. (2 × 2) (4)

3.6 Noem SES maniere waarop 'n skoolhoof konflik kan hanteer. (6)

3.7 Noem VYF beginsels van spanwerk. (5)

3.8 Verduidelik kortliks hoe om jouself vir 'n onderhoud voor te berei. (6)

Kopiereg voorbehou

3.9 Lys SES eienskappe van 'n doeltreffende dagsorgsentrum. (6)
[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die volgende soorte onderhoude:

4.1.1 Oorredende onderhoud (2 × 2) (4)

4.1.2 Tugonderhoud (2 × 2) (4)

4.2 Noem SEWE riglyne wat tydens 'n onderhoud gevolg moet word. (7)

4.3 Lys DRIE kriteria van 'n goeie liasseerstelsel. (3)

4.4 Ontwerp 'n bywoningsregister. Hou die volgende kriteria in gedagte:

- Naam van die dagsorgsentrum
- Minimum 10 kinders
- Een week
- Tel die bywoning op
- Netheid en kreatiwiteit (12)

4.5 Noem en verduidelik DRIE eetversteurings. (3 × 3) (9)

4.6 Verduidelik kortliks die pligte van die volgende lede tydens 'n vergadering:

4.6.1 Sekretaris (2)

4.6.2 Voorsitter (3)

4.7 Verduidelik die term *kreatiewe area* kortliks. (3 × 2) (6)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou